DIE LEIER SE DATA MANIFES

JOU ORGANISASIE SE BESTE GELEENTHEID VIR
ORGANIESE GROEI

LÊ IN DATA

DATA BIED ENORME ONONTGINDE POTENSIAAL OM MEDEDINGENDE VOORDEEL MEE TE BRING, NUWE RYKDOM EN MEER WERKSGELEENTHEDE TE SKEP; GESONDHEIDSORG TE VERBETER; ONS VEILIGHEID TE BESKERM; EN VERDER DIE ALGEMENE MENSLIKE TOESTAND TE VERBETER.

ORGANISASIES IS VÊR DAARVANDAAN OM DATA-GEDREWE TE WEES,

MEESTE MAATSKAPPYE:



1. VERSTAAN NIE TEN VOLLE WATTER DATA HULLE HET, OF SELFS WATTER DATA DIE MEES BELANGRIKSTE IS NIE
2. VERWAR "DATA" MET "INLIGTINGS TEGNOLOGIE", OF DIGITALISERING, WAT VEROORSAAK DAT HUL ALBEI WANBESTUUR
3. HET 'N GEBREK AAN ENIGE SOORT VAN DATA VISIE OF STRATEGIE WAT DIE BYDRAE VAN DATA TOT DIE BESIGHEID BEPAAL
4. ONDERSKAT DIE ENERGIE NODIG OM DATA TE BESTUUR EN HET NIE DIE STRUKTURE OM DIT UIT TE VOER NIE

BAIE MAATSKAPPYE HET SUKSES OP 'N KLEIN SKAAL MET DATA ANALISE, DATA OORSIG, DATA KWALITEIT EN ANDER POGINGS. TOG, KAN ONS GEEN VOORBEELDE VAN FUNDAMENTELE, BLYWENDE VERANDERING WAT OOR DIE HELE MAATSKAPPY STREK SONDER **TOEGEWYDE LEIERSKAP** EN BETROKKENHEID VAN ALMAL, OP ALLE VLAKKE VAN 'N ORGANISASIE VIND NIE.

...EN ONS IS TEN VOLLE BEWUS DAARVAN HOE MOEILIK DIT GAAN WEES OM DIE POTENSIAAL VAN DATA TE ONTSLUIT, REGDEUR AL DIE VLAKKE VAN BESIGHEID.

— DAAROM DOEN ONS 'N BEROEP OP ALMAL OM DIE VERANDERING TE LEI —

RADE, SENIOR BESTUUR EN SENIOR LEIERS: DAAG JOUSELF UIT OOR JOU VOORAFOPGESTELDE IDEES OOR DATA.

Sien data nie as iets wat diep in IT of rekenaar stelsels weggesteek is nie, maar as 'n oneindige bron van nuwe geleenthede. Besef dat die potensiaal van data nie net vir spesialiste, soos data wetenskaplikes is nie, maar vir almal, asook 'n manier vir jou maatskappy om uit te staan bo die kompetisie. Beskou data as die meganisme vir jou eie persoonlik blywende nalatenskap. Dink na oor wat dit beteken om data bates op die balanstaat te sit.

Leierskap skuld hul aandeelhouers en belanghebbendes 'n data visie. As 'n eerste stap, fokus op hierdie areas:

1. Pas beter dataversorging toe, en fokus op die kwaliteit van jou mees belangrikste data. 2. Poog om van die baie maniere om jou data aan die werk te sit, gebruik te maak om 'n kompeterende voordeel te skep. 3. Bevorder 'n bestuurstyl wat meer toepaslik is vir die streng dissiplines van data.

ENIGE PERSOON WAT DATA GEBRUIK OM HUL ROL TE VERVUL: RAAK DATA ENTOESIASTE WAT VERANDERING ONTLOK.

Daar is geleentheid in oorvloed, so kies een of twee areas waarin jy belangstel. Dit kan data kwaliteit verbeter; tot ontdekking van 'n beter analitiese metode of metriek lei; dit kan 'n idee te weeg bring wat poog om data 'n geldwaarde te gee; of lei tot brugbouing oor verskillende departmente.

DATA PROFESSIONELE PERSONE :

Wees meer proaktief, kommunikeer met jou postuurgroep, verkoop die konsepte, word 'n data mentor en help mense om hul eie suksesverhale te skep.

GAAN VOORT MET DIE WERK

Hierdie is opwindende en uitdagende tye: opwindend omdat data die geleentheid bied om kompeterende voordeel te kry, om bestaande produkte en dienste te verbeter (en nuwes te skep), om kliënte beter te verstaan en kostes te verminder. En uitdagend omdat dit moeilik gaan wees om dit wat stukkend is, reg te maak en diegene wat te lank wag, gaan 'n ernstige agterstand hê.

Oorweeg hierdie manifes deeglik.

DEEL DIT. BESPREEK DIT.

En maak dit werk in jou organisasie.

©2018 dataleaders.org

Ons bedank Paul Burger en Paul Grobler vir die Afrikaanse vertaling van die manifes.

NEEM DEEL! WWW.DATALEADERS.ORG

JOHN LADLEY
TWITTER.COM/JLADLEY
Skrywer van, *Making EIM Work for Business* and *Data Governance: How to Design, Deploy and Sustain an Effective Data Governance Program*

DANETTE MCGILVRAY
TWITTER.COM/DANETTE_MCG
Skrywer van, *Executing Data Quality Projects: Ten Steps to Quality Data and Trusted Information™*

KELLE O'NEAL
TWITTER.COM/KELLEZONEAL
Skrywer van, *Turning Data Into Insights series* vir CIO.com

JAMES PRICE
TWITTER.COM/RETHINKINFO
Skrywer van, *Barriers to the Effective Deployment of Information Assets: An Executive Management Perspective*



TOM REDMAN
TWITTER.COM/THEDATADOC1
Skrywer van, *Getting in Front of Data* and *Data Driven: Profiting from Your Most Important Business Asset*

©2018 dataleaders.org